

## 22.4 RAPPORT 2: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – SUBGROEP AFRIKAANSE LIEDERE TUSSENTYDSE BUNDEL MET NUWE GOEDGEKEURDE LIEDERE (Art 192)

- A. Ds JL van der Schyff lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

### C. RAPPORT

#### 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 *Opdrag:* Acta 2012:425, 2.6: Om die nuwe goedgekeurde liedere (asook dié wat Sinode 2009 goedgekeur het) saam met die begeleidings daarvan vir gemeentes en orreliste beskikbaar te stel, dmv 'n bundeltjie wat uitgegee word en elektronies dmv die GKSA webwerf in samewerking met die Administratiewe Buro.
- 1.2 Die tussentydse bundel met nuwe goedgekeurde liedere is teen R20 per eksemplaar uitgegee. Aangesien Bybel-Media ten opsigte van baie van die nuwe goedgekeurde liedere lisensie-, kopie- en uitgewersregte het, is vooraf 'n versoek aan Bybel-Media gerig om hierdie liedere in die tussentydse bundel op te neem. Bybel-Media het die versoek toegestaan sonder die betaling van enige tantieme.
- 1.3 Die nuwe goedgekeurde liedere is ook in pdf-formaat op die CJBF-webwerf geplaas.
- 1.4 Alle kerke wat 'n Liedboek-lisensie by CCLI uitneem, ontvang 'n elektroniese weergawe (CD) van die Groen Psalmboek asook alle liedere van die Liedboek van die Kerk. Die CD bevat Powerpoint-dokumente van al die Psalms, Skrifberymings en liedere van die Liedboek van die Kerk met note by al die verse. Dit is die vrug van die note-projek van die GK Krugersdorp se Diensgroep Media Elektronies onder leiding van sr Hettie Boshoff wat sy in samewerking met Bybel-Media voltooi het. Kerke wat nie 'n Liedboek-lisensie by CCLI uitneem nie, kan die Powerpoint-dokumente van al die Psalms en Skrifberymings ten opsigte waarvan Bybel-Media nie kopiereg het nie, by sr Hettie Boshoff verkry.
- 1.5 Die setwerk van die begeleidings van die nuwe goedgekeurde liedere is feitlik voltooi en behoort tydens Sinode 2015 reeds beskikbaar te wees.
- 1.6 'n Skrywe is vanaf die GK Louis Trichardt insake alternatiewe reëlings ten opsigte van orrelbegeleiding tydens eredienste ontvang. As agtergrond is geskets dat hulle gemeente tans nie oor die dienste van 'n orrelis beskik nie. Uit gesprekke met verskeie ander gemeentes wat in dieselfde situasie verkeer, blyk dit dat daar 'n besondere behoefte bestaan aan gewyde orrelmusiek wat in eredienste gebruik kan word. Hulle rig dan die volgende versoek aan die Deputate:
  - 1.6.1 Daar is heelwat klankopnames van orrelmusiek op die Internet beskikbaar wat tydens die erediens gebruik kan word. Wat is volgens u oordeel geskik vir gebruik?
  - 1.6.2 Sou u dit dalk oorweeg om 'n Gereformeerde Databasis of Webtuiste te skep waar gemeentes toegang tot die musiek kan kry?
  - 1.6.3 Sou dit moontlik wees om kundiges te nader om 'n spesiale elektroniese program vir orrelbegeleiding vir die GKSA te ontwikkel?
  - 1.6.4 Sou u 'n CD met orrelmusiek saamstel wat gemeentes kan gebruik in die erediens?
  - 1.6.5 Sou u Deputate moontlik hierdie saak op Sinode 2015 se Agenda kan aanbring?
- 1.7 Die skrywe is te laat deur die Deputate ontvang om sinvol daaraan aandag te gee. Die Deputate is bewus van projekte van die Deputate Publikasies, maar is nie op hoogte van alles wat bestaan nie.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.**

## **2. Sake waaroor die Sinode besluit**

- 2.1 Die Sinode aan die te benoeme Deputate opdrag gee om die probleme soos in die skrywe van die GK Louis Trichardt genoem aandag te gee, aangesien dit blyk nie net 'n plaaslike probleem te wees nie maar 'n algemene probleem.

**Besluit: Goedgekeur.**